## 22 April - GELIEFDE

**Skrifgedeelte: Markus 12:1-12**
**Fokusgedeelte: Markus 12:6**

Wanneer die hemelse Vader van sy Seun – wat ook mens geword het – praat, noem Hy Hom "my geliefde Seun" (Matt 3:17; Mark 9:7). Ook in hierdie gelykenis word die seun van die eienaar van die wingerd "sy geliefde" genoem.

Hierdie woordjie "geliefde", wat telkens bykom as die verhouding tussen God die Vader en God die Seun ter sprake kom, gee ons iets van 'n kykie in die hemelse Vader se hart. Hy het sy eie, eniggebore Seun lief.

Hoe sterk moet hierdie liefde nie wees nie! Dink net hoe sterk is ouerliefde al hier op aarde, waar ouers en hulle kinders sondaars is. Hoeveel moeite sal ouers nie vir kinders doen nie. Hoeveel sal hulle nie opoffer en verdra nie. Hulle sal bly hoop en bid en help, want selfs onvolmaakte ouerliefde is verstommend taai.

Hoe sterk en intens moet die liefde van die volmaakte Vader dan nie vir sy volmaakte Seun wees nie!

Iets van hierdie liefde word sigbaar in hierdie gelykenis, waarin die eienaar van die wingerd die hemelse Vader afbeeld, terwyl sy seun die Seun van God, wat aarde toe gestuur is, afbeeld. Hierdie eienaar is só vol liefde vir sy seun dat dit vir hom ondenkbaar is dat ander mense, selfs vyandige mense, nie ook sy seun sal liefhê en sal respekteer nie.

Sal ons ooit kan verstaan wat dit die Vader in die hemel gekos het om sy Seun wat Hy volmaak liefhet, aan vernedering en lyding en hel en dood prys te gee, ter wille van slegte mense?

Hoe verskriklik is die skuld van mense wat hierdie Vader se Seun verwerp.

Watter wêreld van genade beteken dit as óns dan nou ook, op grond van Jesus se versoeningswerk, "geliefdes" van God kan wees (Kol 3:12)!

*Sing: Skrifberyming 1-1:3* *Ds SD Snyman (Pretoria-Magalieskruin)*